Bingo vir vredemakers!

Matteus 5:9

Om seker te maak ons staan op en doen wat nodig is in hierdie vreemde tyd, skep ons ‘n Bingo-kaartjie - kyk of jy die volgende paar dae ‘n “BINGO” kan kry.

Bly so saam met ons gesond - fisies, emosioneel en geestelik!

Ek het vandag mooi aangetrek en moeite gedoen	Ek het vandag uitgereik na iemand in ons gemeente	Ek het vandag my hartseer in gebed met God gedeel	My bed is vandag netjies opgemaak	Ek het gebid vir SAPS, SANDF en ander
Ek het ‘n besigheid ondersteun	Ek het vandag lekker kos gemaak/geëet	Ek het vandag gebid vir besighede en werkers in ons land	Ek het na die gemeente se erediens geluister	Ek het vandag my bure / mense in die straat gegroet
Ek het iets aktief gedoen/geoefen vandag	Ek het vandag vir ons regering en leiers gebid	Ek het vandag met 'n vriend/vriendin gepraat	Ek kan vandag 3 dinge noem waarvoor ek dankbaar is	Ek het vandag geen fopnuus, negatiewe dinge gedeel nie
Ek het vandag 'n insiggewende artikel gelees, bespreking geluister / gekyk	Ek het stiltetyd gehou	Ek het gebid vir gesondheids-werkers	Ek het vandag gebid vir dié wat betoog	Ek het vandag minimum 30 minute buite spandeer
Ek het my dag begin met 'n heerlike beker koffie/tee	Ek het uitgereik na iemand wat moedeloos is	Ek het vandag ‘n positiewe boodskap aangestuur aan iemand	Ek het vandag met 'n familielid gepraat	Ek het na ekstra preke/Bybelbe-sprekings geluister of is deel van 'n Bybelstudie

Só werk dit:

- **Jy het Bingo sodra jy 5 blokkies kan merk in ‘n ry (horisontaal of vertikaal)**
- **Elke dag begin nuut**
- **Elke aksie mag net 1 blokkie tel**
- **Jy mag nie 2 dae in ‘n ry dieselfde persoon kontak en tel (familie, vriend, gemeentelede) nie**